**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Deuteronomium 8:1-20

**Fokusvers:**

Deuteronomium 8:11 & 18

**Tema:**

Voordat ons vorentoe kyk, moet ons opkyk en terugkyk.

**Datum:**

17 Augustus 2025 (Weerpreek)

1. **<u>Inleiding</u>**

Geliefde in ons Here Jesus,

Om die Here te **onthou,** is ŉ manier van aanbidding. Deur die geskiedenis word die volk telkens beveel om die verlede te herroep. Hulle moes sekere feesdae vier ter herinnering van die verlede. Hulle bou klipstapels om die gebeure vas te vang. Selfs hulle alledaagse gebruike moes hulle herinner van die verlede:

Byvoorbeeld, wanneer die volk besig is om hulle lande te oes, moet hulle gerwe wat geval het nie weer optel nie. As die gerf val, moet hulle onthou dat die Here vir hulle gesorg het in die woestyn, en dus moet hulle daardie gerwe los vir die armes. Wanneer hulle opdragte vir hulle slawe gee, moet hulle onthou om genadig te wees. Want toe hulle slawe in Egipte was, was die Here genadig met hulle en het Hy hulle verlos.

Dit was vir die Here belangrik dat sy volk die geskiedenis moet onthou, want om te onthou, is ŉ vorm van eerbetoning. Wanneer ŉ saak of ŉ persoon belangrik is, dan herdenk ons dit. As ons die wonderdade van die verlede onthou, dan maak ons dit deel van die hede en slegs dan kan ons die toekoms inbeweeg.

Voordat ons vorentoe kyk, moet ons opkyk en terugkyk...**[KP]**

Daarom, op een van die belangrikste tye in hulle geskiedenis, terwyl hulle op die oewer van die Jordaan staan, op ŉ punt tussen verlede en toekoms, gee die Here vir hulle deur Moses een van die belangrikste opdragte: "*Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet nie.*"

Kom ons kyk dan bietjie dieper na hierdie opdrag **[KP]**

2. **<u>Liggaam</u>**

**2.1. Israel moet nie vergeet nie:**

In die eerste plek geliefdes, is hierdie woorde nie 'n sagte aanmoediging nie, maar eerder 'n ernstige waarskuwing. Die 2020 vertaling sê: "***Wees versigtig** dat jy nie die Here jou God vergeet nie.*" Dit is 'n woord wat 'n mens gebruik om iemand te waarsku van 'n gevaarlike pad (2 Kon. 6:9).

Wanneer ons in 'n verhouding staan, dan kry die woord *onthou* 'n ander betekenis.

Een prediker vertel 'n verhaal van 'n weduwee wat op 'n plaas gebly het. As sy die stof van die grondpad sien, dan gehardloop sy na buite met groot vreugde. Maar soos die kar nader kom, word sy altyd meer mismoedig. Eendag vra die prediker se bestuurder vir hom hoekom die vrou se entoesiasme dadelik verdwyn wanneer hulle daar stop. Die prediker antwoord toe: "*Die vrou se seun is van die plaas af stad toe. Elke kar wat sy sien aankom, laat haar hoop dat dit hy is, maar dit lyk asof hy van haar vergeet het.*"

As ons in 'n verhouding is met iemand, is onthou meer as 'n herinnering. Die Here en sy volk staan in 'n baie kosbare verhouding. In die woestyn het Hy met hulle persoonlik 'n verbondsverhouding gesluit. 'n Verhouding wat Hy met hulle voorvaders al gesluit het. Die Here het nooit van die verbond vergeet nie. Die volk gaan dalk die woestyn **agterlaat**, maar hulle moet baie versigtig wees dat hulle nie die woestyn **vergeet** nie.

Indien hulle sou vergeet, dan sou hulle die Here agterlaat. Maar as hulle onthou, dan sou die verhouding lewendig bly.

**[KP]**

Drie keer word hulle gewaarsku: "*Moet nie die Here jou God vergeet nie.*" In die woestyn het hulle die Here leer ken op 'n baie maniere. Maar Moses sê daar is drie dinge in besonder wat hulle nie moet vergeet nie:

1. Moet nie vergeet dat die Here julle **Verlosser** is nie.

2. Moet nie vergeet dat die Here die een is wat julle **gelei** en **gerig** het deur die woestyn, maar ook deur julle hele lewe nie.
3. Moet nie vergeet dat julle elke dag van die Here afhanklik is nie, en dat Hy julle met die nodige water en manna **onderhou** en **versorg** het nie.

Om dan te vergeet, beteken om **te leef asof die verhaal of geskiedenis nie gebeur het nie**. Dink maar weer aan die verhaal van die weduwee. Die seun het seker 'n paar keer aan sy ma gedink, dalk foto's van haar vertoon en selfs stories oor haar vertel. Maar om te onthou beteken nie **net** om weer in gedagte te bring nie. Om te onthou moet ons beweeg tot daad.

Wanneer iemand ons vergeet, dan maak dit seer. Só raak dit ook aan God wanneer sy kinders Hom vergeet.

**[KP]**

### 2.2. Vergeetagtigheid is sigbaar:

Die volk het hierdie baie belangrike opdrag gekry **net voor** hulle in Kanaän sou ingaan. Die Here waarsku die volk ook met 'n baie spesifieke doel. Die beloofde land hou baie voorspoed en beloftes in. Anderkant die rivier wag daar mooi dinge.

Kyk hoe beskryf vers 6-9 die land. Kanaän het 'n goeie **klimaat**. In vergelyking met die dor woestyn is Kanaän 'n goeie land met waterstrome, fonteine en riviere. Dit is 'n land wat goeie **opbrengs** lewer. Koring en gars, wingerde, vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning. Dit is 'n land met **grondstowwe**, volop yster in die klippe en koper in die berge.

Maar dan kom die Here se waarskuwing: As julle in hierdie wonderlike land ingaan, pas op! Sorg dat jy nie die Here jou God, jou Verlosser, Rigtingwyser en Onderhouer vergeet nie. Want as hulle vergeet, sal dit vinnig **sigbaar** word.

Hoe word vergeetagtigheid **sigbaar**? In drie woorde:

<u>Eerstens</u>, **ondankbaarheid**. Dit is belangrik dat ons vers 10 en 11 saam lees: "*Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God* ***dank*** *vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het. Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet nie.*"

Iemand wat ondankbaar is, wys maklik dat hy die dinge wat vir hom gedoen is as vanselfsprekend ag. 'n Ondankbare mens vergeet die opofferings wat gemaak is wat hulle tot hier gebring het. Paulus vra vir die gemeente in Korinte: "*Wat besit jy wat jy nie ontvang het nie?*" Alles wat ons het, kom uit die hand van die Here. As ons dit vergeet, kan ons gou ondankbaar raak.

<u>Tweedens</u>, **ongehoorsaamheid**. Weereens sê vers 11: "*Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet (hoe?)* <u>*deurdat*</u> *jy nie* ***gehoorsaam*** *is aan sy gebooie en bepalings en voorskrifte nie.*" Om God te vergeet, is om nie sy gebooie te gehoorsaam nie.

Dink maar aan die wet van die Here. Dit begin met die woorde: "*Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het...* Daarna volg al die wette, maar dit begin met 'n herinnering aan wat God gedoen het. Ongehoorsaamheid is 'n teken van 'n vergeetagtige hart.

<u>Derdens</u>, **hoogmoed**. Vers 12-17 sê dit kan gebeur dat die volk nou die wonderlike nuwe land ingaan:

- Dat hulle genoeg eet, mooi huise bou en rustig woon,
- dat hulle vee baie word,
- dat hulle silwer, goud en besittings vermeerder.

En dan, wanneer dit met hulle goed gaan, en hulle die seëninge van die land ontvang, dan vergeet hulle wie al hierdie dinge gegee het. Dan raak hulle **hoogmoedig**.

Wanneer Israel die goeie dinge van God ontvang het, was daar altyd die moontlikheid dat hulle sou dink. "*My krag en my sterk hande het hierdie rykdom verwerf*" (8:7).

Om hulle verhouding met God in stand te hou, moet hulle nooit van Hom vergeet nie. As hulle Hom wel vergeet, dan sal dit dadelik sigbaar wees. Hulle sou ondankbaar raak, ongehoorsaam en hoogmoedig.

**[LP]**

**2.3. Ons moet nie vergeet:**

Broers en susters. As Nuwe Testamentiese gelowiges moet ons ook baie mooi luister na hierdie opdrag van die Here.

<u>In die eerste plek</u> staan ons presies waar Israel was. In ons geloofslewe is ons op die oewer van die ewige lewe. Ons staan tussen die genade van die verlede en ryke seën van die toekoms. Ons het soveel om te onthou!

Kyk net na wat God **in Christus** vir ons gedoen het. Hy het vir ons gely, gesterf en opgestaan. Hy het ons 'n nuwe lewe gegee en sy Gees in ons hart uitgestort. Ons het deur Christus reeds verlossing en bevryding uit die slawerny van sonde en dood. Ons staan op 'n punt waar ons kan terugkyk na al God se genade, liefde, versorging en seën. Die opdrag van vers 11 praat dus ook baie ernstig met ons: "*Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet nie!*"

<u>In die tweede plek</u> kan ons ook identifiseer met die volk *in Kanaän*. Deur Christus staan ons **reeds** in 'n kosbare verbondsverhouding met die Here. Hy is ons God en ons is sy volk. Deel van die verbondsverhouding behels dat God ons sal versorg en seën na liggaam en siel.

En wat het ons nie alles van die Here ontvang nie! Ons het soveel om na terug te kyk.

Kyk hoe wonderlik het die Here jou God jou gelei en gestuur in hierdie jaar. Hy het vir ons die pad aangewys, deure oopgemaak en geleenthede gegee. Hy het vir jou en my voorsien op elke manier en met meer as genoeg. Meeste van ons lewe gemaklik. Ons het veiligheid, oorvloed om te eet en drink. Ons het huise waarin ons rustig kan woon, besittings wat net meer en meer word.

En ons as gemeente, kyk hoe voorsien en versorg die Here ons. Ons het ’n plek om bymekaar te kom om te aanbid, ons het diakens, ouderlinge en ’n predikant. Ons kan deel wees van ’n gemeenskap wat omgee en in mekaar se lewens deel!

Hoe kan ons ooit die Here vergeet wat so goed is vir ons?

**[LS]**

Maar geliefdes, daar is altyd die gevaar: Wanneer ons lewe gemaklik raak dan sluip die versoeking in om die Here stilweg uit te skuif. Ons begin leef asof dit ons eie hand is wat verlos. Asof ons self voorsien het en ons eie vermoë ons laat slaag het. En so begin ons stil-stil “vergeet.”

Dit het immers met Israel gebeur jare later.

<u>Hosea 13:4-6:</u> “*Ek is die Here jou God van die tyd van Egipte af. Jy het geen ander god geken nie en jy het geen ander redder gehad nie. Dit is Ek wat jou in die woestyn, in ’n dor land versorg het. Maar toe hulle by goeie weiding gebring is, het hulle hulle vol geëet, en toe hulle versadig was, het hulle hoogmoedig geword. Daarom het hulle My vergeet.*”

Ons kan in dieselfde strik trap, daarom moet ons onthou!

**[KP]**

Wat kan ons dan prakties doen sodat ons nie die Here sal *vergeet* nie? Hoe kan ons elke oomblik in ’n lewende verhouding met die Here ons God staan? Drie woorde:

Dankbaarheid, gehoorsaamheid en nederigheid.

**1. Dankbaarheid**: Ons moet altyd onthou dat aanbidding nie net beteken dat ons iets doen wat God verheug nie. Soms is dit om verheug te wees met wat God vir ons gedoen het. In Kolossense 3:15 kry ons die opdrag: “*Wees altyd dankbaar.*”

In die Heidelbergse Kategismus word ons herinner dat **gebed** een van die belangrikste dele van 'n gelowige se dankbaarheid is. As ons dankbaar is vir al ons seëninge, geestelik en fisies, dan is ons biddend. Dankbaarheid begin op die knieë.

Maar dankbaarheid moet ook 'n gewoonte word. Vers 10 sê: "***Telkens** wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank.*" As ons gedurig 'n lewe van dankbaarheid uitleef, dan kan ons nie van die Here vergeet nie. Wees daarom dankbaar.

**2. Gehoorsaamheid:** In Deuteronomium 11 leer Moses die volk hoe om die Here met toewyding te dien. Hy maak dan 'n doelbewuste band tussen **gehoorsaamheid** en **herinnering.** As die volk die Here met toewyding wil dien, moet hulle die wet van die Here koester.

Deuteronomium 1:18 sê: "*Koester hierdie woorde van my met hart en siel. Bind dit as 'n teken om julle hande en laat dit versierings op julle voorkoppe wees. Leer dit vir julle kinders deur daaroor te praat wanneer jy in jou huis sit en op pad is, wanneer jy gaan lê en wanneer jy opstaan. Skryf dit op die deurkosyne van jou huis en op jou stadspoorte.*"

Met ander woorde, as jy met toewyding aan die Here wil lewe – herinner jouself aan die wet van die Here. Praat, lees en sing. Skryf dit vir jou iewers neer, maak 'n merk op jou hand. As jy herinner word aan die wet, en dit gehoorsaam, hoe kan jy dan vergeet?

**3. Nederigheid:** Om nederig te wees is 'n wonderlike deug wat pas by gelowiges. Efesiërs 2 is baie duidelik hieroor: "*Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God. Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.*"

Die Nuwe Testament waarsku ons herhaaldelik: "*God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade."* Alles wat ons het, is 'n gawe uit die hand van die Here. Dit

is nie jou hande wat jou besittings verwerf het nie. Dit is nie jy wat jouself tot hier gebring het nie, leef daarom nederig.

Deel van nederigheid beteken dat ons die eer sal gee waar dit behoort. "*Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe*."

Wanneer ons onthou, dan is ons nederig.

3. **Slot**

Geliefdes, ek sluit af.

Dit gebeur so maklik dat ons van die Here vergeet. Ons gedagtes word vasgevang deur al die ander dinge wat ons moet onthou, dat ons juis van Hóm vergeet. Ons is so gou ondankbaar, ongehoorsaam en hoogmoedig.

Laat ons dus hierdie week ons harte mooi ondersoek. Laat ons erken dat ons so gou van die Here vergeet.

Kom dan volgende week na die tafel van die Here. Die nagmaal is ten diepste ŉ herinneringsmaaltyd. Wanneer ons van die brood eet en wyn drink dan besef ons weer dat ons nie van brood alleen leef nie. Wanneer ons aan tafel is, dan dink ons terug aan dit wat God vir ons in Christus gedoen het.

Net soos Israel feeste moes vier en klipstapels moes bou, kom ons saam as sy volk om die offer van die Lam te herdenk. Ons kom saam om te aanbid, deur te onthou.

# Amen